LAERSKOOL
Gene Louw
PRIMARY SCHOOL

Februarie 2024

Beste Ouers en Voogde

AANSOEKE 2025

Ouers/voogde moet aanlyn registreer om te verseker dat hul aansoeke verwerk word. Gebruik asseblief die volgende **skakel vanaf 11 Maart 2024** om aanlyn te registreer: https://wcedonline.westerncape.gov.za/admissions

Die volgende is baie belangrik:

- Ouers/voogde moet registreer en **alle** velde voltooi soos aangedui.
- Verpligtend: Ouers/voogde moet die skole waar aansoek gedoen word, volgens hul voorkeur lys.
- Sluitingsdatum vir aansoeke: **12 April 2024**
- Ouers/voogde sal tussen 29 Mei en 3 Junie 2024 deur die aanlyn stelsel per e-pos/SMS van die uitslag in kennis gestel word.
- Maak seker dat die e-posadres en selfoonnommer wat verskaf word, korrek is aangesien dit die enigste vorme van kommunikasie is wat gebruik sal word.
- **Ouers moet die finale aanvaarding voor 14 Junie 2024 aanlyn bevestig**.
- **Indien ouers/voogde nie die finale aanvaarding voor 14 Junie 2024 bevestig nie, mag die skool die plek aan 'n ander leerder op die waglys aanbied.**
- Indien die leerder by meer as een skool aanvaar word en die ouer nie sy/haar plek by 'n skool bevestig nie, sal die stelsel die leerder outomaties plaas by die eerste skool in die voorkeurorde wat die leerder aanvaar het. Alle ander aanvaardings en aansoeke sal dan gekanselleer word. Byvoorbeeld, indien 'n ouer vyf skole kies en nommer twee en vier aanvaar die leerder en die ander skole op die lys aanvaar die leerder nie, sal die stelsel nommer twee aanvaar en nommer vier kanselleer, tensy die ouer self die aanvaarding **voor 14 Junie 2024** bevestig.
- Leerders wat op 'n waglys by Laerskool Gene Louw is, sal daarvolgens geplaas word indien daar plek is.

Addisionele inligting:

- Ons ontvang jaarliks groot hoeveelhede aansoeke. Vergewis uself dus asseblief van die bogenoemde om te verseker dat u kind wel vir 'n plek by 'n skool registreer. Hou veral die datums in gedagte.
- Indien u belangstel om u kind vir 2025 by Laerskool Gene Louw in te skryf, volg gerus hierdie skakel en voltooi die Verklaring van belange-vorm, wat ons in staat sal stel om u amptelike aansoek te monitor: https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0om2LsQwwUmszdBDikzB2VyNn_mWCv5NpY3SdwL1bCxUOFJSVTdEUFdPQ1pSQkk4M0JWTkdaT0VLQS4u

Vriendelike groete,

MNR. W.A.J. GOUWS
SKOOLHOOF